

31 Maart

Skrifgedeelte: 1 Petrus 5:1-7

Fokusgedeelte: 1 Petrus 5:5

Trek nederigheid aan

'n Groot gevaar in die kerk van die Here is baasskap oor ander. Ons het onbewus ook rangordes wat soos in die Rooms-Katolieke Kerk begin by leke en eindig by die pous. Dooplidmate lê onder, dan belydend, diaken, ouderling, predikant, en die grootste status kom by professor. Ons vergeet dat die woorde "amp" en "diens" sinonieme moet wees. Petrus stel dit duidelik in die eerste verse van die hoofstuk dat dit gaan om diens en nie heerskappy nie. Soos Christus as die Opperherder Homself gegee het as die hoogste offer, so moet sy voorbeeld in ons diens aan mekaar vir ons as voorbeeld dien (vs 3).

Nou is die gevaar ook by jongmense om hoogmoedig te raak en nie onderdanig aan ouer mense te wees nie. Die oortreding van die vyfde gebod is 'n sonde waarteen elke jongmens elke dag moet stry. Ons jongmense is baie besorg oor wat hulle aantrek. Neem die goeie raad van die apostel Petrus: Trek nederigheid aan soos 'n mens 'n kledingstuk aantrek (letterlik vertaal). Die 1953-vertaling stel: "... met ootmoed bekleed ..." Nog beter, trek 'n voorskoot aan om gereed te wees om ander te dien. Ons het hier moontlik 'n verwysing na die voetwassing van die dissipels deur Jesus in Johannes 13, 'n les wat Petrus as briefskrywer seker vir sy hele lewe onthou het.

Trek nederigheid aan, want God verafsku hoogmoed. (Vergelyk die opmerking oor Spreuke 3:34 in die vorige dagstukkies wat in vers 5 deur Petrus aangehaal word.) Ook in die kerk van onse Here moet ons almal waak om nie baas oor mekaar te speel nie, maar in liefde mekaar te dien.

Sing: Psalm 4:3 (Afrikaanse Psalmberyming 1936)

Ds PA Coetzee (Potchefstroom)

